



Helshoogte Nuusbrieff



Dagsê Oumanne,

Ons leef in interessante tye. Die COVID-19-pandemie het alles tot stilstand gebring. Ons land se grense is gesluit, die skole en universiteite is toe, ons ekonomie het grotendeels tot stilstand gekom en die meeste van ons is, of was, in ons huise ingeperk. As iemand my 'n jaar gelede sou sê dít is wat in 2020 sou gebeur, sou ek hom waarskynlik nie geglo het nie.

So graag soos ek ook al oor die positiewe dinge wil gesels, want dis maar net die mens wat ek is, moet ek erken dat daar tans baie uitdagings bestaan. Die realiteit is dat baie besighede sukkel om die mas op te kom en groot getalle mense gaan in die komende maande werklik swaarkry. Ons, as Suid-Afrikaners, het wel die vermoë om merkwaardige dinge te vermag. Daarom doen ek vandag 'n beroep op alle Oumanne van Helshoogte – laat ons mense se nood raaksien daar buite en laat ons help waar ons kan. Dit is nou regtig al wat ons kan doen, help waar ons kan, en hopelik staan ons sterker op.

Wat gaan intussen by die koshuis aan?

Eerstejaars

Die koshuis het in 2020 'n rekordgetal van 176 eerstejaars ingeneem. Die rede vir die groot inname is natuurlik die bouwerkprojek aan die koshuis waaroor ek in my vorige nuusbrieff terugvoering gegee het. Ons is baie opgewonde om die momentum en dinamika waar te neem wat só 'n groot groep tot die koshuis se tradisies en gees bydra.

Nuus van die Huiskomitee

Daar is tans 20 Helshoogters wat ongelukkig nie voor die nasionale inperking kon terugkeer huis toe nie en steeds in Helshoogte woon. Uit hierdie groep is daar 'n tydelike leierskapskomitee aangestel wat die inwonende hoof Luke Cuff bystaan om die koshuis aan die gang te hou. Hierdie groep is werklik uitnemend in die rol wat hulle tot dusver gespeel het en ons is baie trots op hulle.

Die Huiskomitee hou egter steeds aan met hulle verantwoordelikhede en vergader weekliks aanlyn. Dit is 'n groot uitdaging om 'n gemeenskap van 270

studente bymekaar te hou in sulke onsekere tye, maar dit is nie 'n verskoning nie. Daar is reeds 'n plan van aksie saamgestel wat as 'n riglyn dien in hierdie onseker tye totdat studente weer toegelaat word om na die kampus terug te keer. Hierdie benadering is hoofsaaklik gerig op die gebruik van sosiale media en tegnologie om kontak te behou, te verseker dat waardevolle ervarings nie in die proses verlore gaan nie, sowel as om planne en maatreëls in plek te kry om die oorgangstydperk terug na koshuislewe te vergemaklik.

Die Huiskomitee streef ook daarna om steeds hul doelwitte vir die jaar te bereik ten spyte van hierdie groot ontwrigting en werk hard om te verseker dat Helshoogte steeds “nuwe hoogtes” bereik.

Die Haan sal weer kraai!

Foto-van-die-jaar-kompetisie

Gedurende 2019 het ons van die Oud Bond se kant af 'n kompetisie geloods om te sorg dat die koshuis van genoeg foto's voorsien word om die argief aktief aan te vul. Hierdie kompetisie was 'n groot sukses, in só 'n mate dat die koshuis laasjaar 'n digitale jaarboek bymekaar kon bring met al die foto's wat hulle ontvang het. Die kompetisie is weer vanjaar geloods en dit word weer deur Johannes Els gedryf. Vind asseblief 'n paar van hierdie foto's aangeheg aan die einde van die nuusbrief.

Tuiskomsnaweek en Woordfees

Maties het vroeër vanjaar hul onderskeie eerstejaargroepe se Tuiskomsnaweek gehou. Alumni wat in 1970, 1980, 1990, 2000 en 2010 eerstejaars was, het vanjaar gedurende die openingsnaweek van die Woordfees in Stellenbosch saamgetrek waar daar die Vrydagaand 'n massajaargroep-reünie was, wat opgevolg is met individuele reünies die Saterdagdaand. Daar het egter geen jaargroepe van Helshoogte aan die naweek deelgeneem nie. Ons wil van volgende jaar af ook hierdie naweek ondersteun en jaargroepreünies reël. Ons is dus op soek na verteenwoordigers van die jaargroepe wat eerstejaar was in:

- 1971
- 1981
- 1991
- 2001
- 2011

Ek sal bly wees indien verteenwoordigers van hierdie jaargroepe my so spoedig as moontlik kan kontak.

Helshoogters in die nuus

Justin Corrans, 'n eerstejaar van 1995, is aangestel as die hoofwynmaker by KVV. Justin was voorheen by Mountain Ridge Wines naby Wolsley en by Distell. Baie geluk, Justin! Ons is trots op jou.

Lief en leed

Ons het in die verlede nuus oor die afsterwe van oud-Helshoogters per e-pos of sosiale media versprei. Ons sal in die vervolg sulke nuus in hierdie nuusbrieff bekend maak. Maak dus gebruik van die Oumanne se epos-adres (oldboys@helshoogte.co.za) om inligting te deel rakende die afsterwe van oud-Helshoogters.

COVID-19 en Helshoogte

Die koshuis se deure is ook op 26 Maart 2020 gesluit, behalwe vir 20 studente wat weens verskeie omstandighede nie kon teruggaan huis toe nie. Op hierdie stadium is ons nog nie seker hoe die res van die akademiese jaar gaan lyk nie en wanneer die res van die studente weer toegelaat gaan word om terug te keer koshuis toe nie.

Die Universiteit volg tans 'n aanlyn onderrigstelsel en dit wil voorkom asof die Junie-eksamen ook aanlyn afgelê gaan word. 'n Mens hoop werklik dat die studente weer so spoedig as moontlik sal kan teruggaan kampus toe.

Om af te sluit, wens ek graag aan almal voorspoed en sterkte toe. Ek weet dat ons onsekere tye ingaan en dat ons almal se lewensreise van mekaar verskil, maar ons is en sal altyd daar wees vir mekaar.

Bly veilig!

Helshoogte-groete,

Stompie Buys

Foto-van-die-jaar-kompetisie: ‘n Paar van die inskrywings...



Die wen-foto van die eerste instelling van hierdie kompetisie is geneem deur Michal Venter, wat tussen 2016 en 2019, in Helshoogte gewoon het. Die foto is geneem met die jaarlikse “Bonfire” funksie wat die aand voor Bergklim geskied. Hierdie is ‘n nuwe tradisie wat in 2017 ingestel is en dien as ‘n geleentheid waar die eerstejaars en die seniors mekaar ‘n bietjie beter leer ken.



Byna die hele koshuis sing die huislied by die finaal van die eerstejaars rugbytoernooi van 2017 – Ingestuur deur Frederick van Zyl (2017-2020)



Gwappe steel Simonsberg se vlag (2018) – Ingestuur deur Erik Vermeulen (2018-2020)



Derby Touchies 2019 – Geneem deur Ettiene Mouton (2017-2020)



Die uitsig vanaf Botmaskop.



Samesyn in die seksie.




Helshoogte vs Dagbreek Boks 2019 – Geneem deur Nathan Nyatondo (2019-2020)



Derby feesvieringe na punte in die doodsnikke aangteken is – Geneem deur Michal Venter (2016-2019)



Pa en Seun 2017. Altyd 'n hoogtepunt op die kalender!



Die hoogste op die Akker!

Bly in kontak!

1. Sluit asseblief aan by die amptelike Helshoogte Old Boys Facebook groep om kontak te maak met mede-Helshoogters:

<https://www.facebook.com/groups/HelshoogteOldBoys>

2. Hou jou kontakbesonderhede op datum om die nuutste inligting te ontvang:

www.helshoogte.com/oldboys